# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/20)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 12 Junie 2020*

***"There seems to be three ways for a nation to acquire wealth. The first is by war… this is robbery. The second is by commerce, which is generally cheating. The third by agriculture, the only honest way, wherein man receives an increase of the seed thrown into the ground, in a kind of continual miracle, wrought by the hand of God in his favor, as a reward for his innocent life and his virtuous industry" Benjamin Franklin***

## COVID-19 WERKSPLEK HULPBRONNE

COVID-19 Werksplek Hulpbronne is aanlyn by die Citrus Resource Warehouse beskikbaar. Plakkate (horisontaal en vertikaal) en pamflette is in Engels, Afrikaans, Sotho en Zoeloe beskikbaar. U is welkom om dit af te laai en in u werksplek op te sit of dit onder u werknemers te versprei.
http://www.citrusresourcewarehouse.org.za/home/document-home/covid-19/covid-19-workplace-resources
Kontak ons asseblief per epos as u meer inligting benodig: talk2us@crw.org.za

## COVID-19 PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Kenners meen dat ons nog die piek van infeksies moet bereik - en uiteindelik sal 60% van ons die virus opdoen. Die regering doen sy bes om die kurwe van infeksies af te plat om mediese personeel en fasiliteite tyd te gee om aan ernstige sake aandag te gee. Besigheidseienaars doen alles om 'n veilige werksomgewing te verseker. Maar aan die einde van die dag is dit ons elkeen wat virusvry moet bly. En die beste manier om dit te doen, is om aan te neem dat almal anders die virus het - en jouself teen hulle te beskerm. Sorg dat jy 1,5 meter van ander af bly, dra altyd 'n masker, was gereeld jou hande, probeer om nie aan jou gesig te raak nie (dit is waar die masker die waardevolste is). Dit kan kontroversieel wees, maar een manier wat ons almal meer verantwoordelik sal maak, sou wees om salarisse te verlaag terwyl ons in isolasie, of kwarantyn is of terwyl die werksplek ontsmet word (indien dit nodig sou wees na 'n positiewe geval). As elkeen van ons veilig bly – dan hoef ons nie van die werk weg te bly nie. Dink aan die sake-eienaar wat gesluit het weens 'n positiewe geval (wat na alle waarskynlikheid nie by die werksplek besmet is nie) - terwyl die fasiliteit gesluit is, is daar geen inkomste nie; as werkers die pyn deel, sal aandag aan detail verbeter word.

## GEPAK EN VERSKEEP

Satsumas is amper klaar gepak, met 92% van die geprojekteerde 1,96 miljoen kartonne wat nou gepak is. Die seisoen vir clementines is ook ver gevorder - met 76% van die geskatte 3 983 441 kartonne wat gepak is. In totaal is 37% van die sagte sitrus tot op datum gepak - met die groot volume mandaryne wat nog moet kom.
Drie-en-sewentig persent van die voorspelde uitvoervolume van pomelo's is nou gepak en na inspeksie goedgekeur, terwyl 58% van die suurlemoene gepak en goedgekeur is.
Nawelverpakking vind nou op 'n hoë tempo plaas, en 'n 1/3 van hierdie lemoene is nou gepak en vir uitvoer goedgekeur. Dit laat nog die groot volumes Valencias wat moet begin – met net 2% wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is aan die einde van week 23.

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 23 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 11.8 m | 11 m | 10.6 m | 7.9 m | 8.1 m | 16.7 m | 14.6 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 6.5 m | 6.6 m | 8.5 m | 4.5 m | 5.9 m | 23.3 m | 22.6 m | 18.3 m |
| Suurlemoene | 10.1 m | 10.4 m | 16.1 m | 7.2 m | 12.6 m | 26.4 m | **27.6 m** | 22.1 m |
| Nawels | 8.5 m | 7.4 m | 8.6 m | 2.8 m | 4.2 m | 26.5 m | 26.5 m | 24.3 m |
| Valencias | 0.5 m | 0.7 m | 1.1 m | - | 0.3 m | 50.4 m | 50.5 m | 46.8 m |
| **Totaal** | **37.4 m** | **36.1 m** | **44.9 m** | **22.4 m** | **31.2 m** | **143.3 m** | **141.8 m** | **127.5 m** |